



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel: Empatie — deug of strik?

Berigte: Predikanteberaad

Schweizer-Reneke 100

Kennisgewings

REDAKSIONEEL

Empatie — deug of strik??

"Jy het geen empatie nie. Jy deel nie in
wat ek voel nie."

"Jy het hulle nie lief as jy nie die pyn voel
wat hulle voel nie."

"Die hoogste uitdrukking van empatie is
absolute aanvaarding."

Gelowiges word gereeld met empatie-
mantras soos hierdie gekonfronteer —
maar moet ons die empatie-kultuur
omhels?

Empatie kan beskryf word as die vermoë
om iemand anders se gevoelens te
verstaan en te deel deur jouself in hul
posisie te plaas. In ons huidige
samelewing word empatie dikwels as 'n
onbetwisbare deug beskou en die gebrek
aan so 'n absolute meelewing word as
"onchristelik" afgemaak. Empatie word
deur verhoudings-spesialiste en beraders
voorgehou as die goue standaard vir
menslike verhoudings, die maatstaf vir
liefde en die sleutel tot sosiale harmonie,
volgens die heersende sekulêre narratief.
Die begrip empatie is 'n relatief moderne
term, gevorm deur 'n mengsel van kuns,
filosofie en wetenskap. Empatie se
wortels kan gevind word in die 19de-
eeuse Duitse estetika en het eers in die

vroeë 20ste eeu ontwikkel tot die huidige
sielkundige konsep.

Die term "empatie" kom oorspronklik van
die Duitse woord *Einfühlung*, wat letterlik
beteken "om in te voel". Dit is die eerste
keer geskep in die konteks van estetika
en sielkunde in die laat 19de eeu deur die
Duitse filosoof Robert Vischer. Vischer
het in sy doktorsale proefskrif in 1873, die
woord *Einfühlung* gebruik om die proses
te beskryf om jouself in 'n kunswerk te
projekteer, deur die emosionele of
sensoriese eienskappe daarvan te voel
asof dit jou eie is. Die Britse sielkundige
Edward B. Titchener het hierdie begrip in
'n lesing wat hy in 1909 gegee het vertaal
na die Engelse woord *empathy*. Dit het hy
gedoen om te onderskei van die begrip
"simpatie", wat beteken om jammerte of
deernis vir iemand te voel. Hy het
"empatie" afgelei van die Griekse wortels
em- (in) en *patos* (gevoel), en dit
verduidelik as 'n dieper, meer
meeslepende begrip van 'n ander se
ervaring.

Om 'n beter verstaan van die begrip
empatie te kry, is dit belangrik om empatie
te onderskei van deernis, 'n konsep wat
Bybels verantwoordbaar is. Deernis is die
vermoë om meegevoel te hê met iemand
se lyding of omstandighede en gaan
dikwels gepaard met 'n begeerte om te
help, maar sonder om noodwendig die
lydende party se emosies volledig te

omhels of te valideer. Romeine 12:15 sê: "*Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur*". Hierdie teks roep ons op tot 'n medemenslikheid, maar dit impliseer nie dat ons elke emosie wat ons teëkom blindelings moet valideer of goedkeur nie. Deernis behou die onderskeid tussen die lyer en die vertrooster, met 'n ferm fondament op God se waarheid, terwyl empatie ons uitnoui om die ander se emosionele wêreld binne te gaan, meestal ten koste van ons objektiewe oordeel.

Empatie, soos dit vandag merendeels verstaan en toegepas word, gaan verder as blote meegevoel. Dit vereis dat ons "in iemand anders se skoene loop", hul pyn voel asof dit ons eie is, en hul perspektief aanvaar sonder om te bevraagteken of dit met God se wil ooreenstem. In 'n Christelike konteks is dit ooglopend problematies wanneer daardie emosies of ervarings gewortel is in sonde of rebellie teen God. As ons byvoorbeeld empatie toon met die woede van iemand wat God se gesag verwerp, of met die trots van iemand wat hul sondige keuses vier, is ons besig om sonde te normaliseer en te bekragtig. Dit is hier waar empatie 'n struikelblok raak omdat die onkritiese toepassing daarvan ons meesleur in die emosionele chaos van 'n gevalle wêreld. Die moderne samelewing beskou empatie nie net as 'n deug nie, maar as 'n morele verpligting; voorgehou as 'n onbaatsugtige omgee vir "kwesbares" en "slagoffers." Die sogenaamde "DEI" konsep (diversiteit, gelykheid en inklusiwiteit) en ander "sosiale geregtigheid"-ideologieë het empatie as dryfveer. Empatie of sosiale bewustheid dien as die hoeksteen van die "woke" ideologie, wat eis dat ons nie net ander se ervarings erken nie, maar ook hul

gevoelens as die uiteindelijke waarheid aanvaar. Hierdie kulturele druk het ook die kerk binnegesypel, waar Christene toenemend aangespoor word om "te verstaan" en "te voel" eerder as om te beoordeel of te korrigeer.

Neem byvoorbeeld die kwessie van seksualiteit. Oor die afgelope aantal dekades het baie kerke se houding jeens homoseksualiteit en ander seksuele uitdrukkings drasties verskuif. Waar dit vroeër ondenkbaar was dat Christene sondige gedrag as "'n gawe van God" sou beskou, is dit vandag nie ongewoon nie. Die oproep om "in die skoene te loop" van dié wat met hul identiteit worstel, het gelei tot die verwerping van die Bybelse standpunt. In plaas van om sonde aan te spreek en bekering aan te moedig, word empatie gebruik om emosionele ervarings te valideer, selfs wanneer daardie ervarings in direkte konflik is met Skrifwaarheid. Dit is nie liefde nie, maar 'n verdraaiing van waarheid onder die dekmantel van empatie.

Die Bybel roep ons op om lief te hê, maar daardie liefde sluit waarheid en regstelling in. Spreuke 27:6 sê: "*Op 'n vriend wat jou seermaak, kan jy reken; iemand wat jou haat, is oordadig met sy soene*". Ware liefde sal en moet pynlike waarheid oordra, eerder as om ore te streel.

Onkritiese empatie kan ook lei tot morele relativisme. As ons elke sosiale norm as geldig aanvaar, waar trek ons dan die lyn? Indien ons vandag gevra word om onvoorwaardelike empatie te toon met die "pyn" van die gay persoon of iemand met 'n transgeslagwaan, sal daar môre van ons verwag word om pedofilie of bestialiteit te "verstaan". Indien ons empatie verhef bo die riglyne van die wet en God se absolute standaard, verloor ons die vermoë om sonde te identifiseer

en die suiwer evangelie te verkondig. Om die evangelie te verkondig vereis immers dat ons mense se verlorenheid erken eerder as wat ons hulle met empatie ondersteun om ongehinderd te bly volhard in sonde.

Die Bybel gee ons geen opdrag om empatie te beoefen in die moderne sin van die woord nie. Jesus self was die toonbeeld van deernis; Hy het geween by Lasarus se graf (Johannes 11:35) en deernis gevoel vir die skare (Matteus 9:36), maar Hy het nooit sonde goedgekeur of emosies bo waarheid gestel nie. Ons moet nie skroom om tereg te wys waar nodig, maar moet dit doen deur *"weerspanniges in sagmoedigheid tereg [te] wys"* (2 Timoteus 2:25). Dit is die balans wat Christene moet nastreef: deernis wat gewortel is in waarheid, nie empatie wat waarheid opoffer nie.

Wanneer 'n broer of suster struikel of met sonde worstel, is die laaste ding wat hulle nodig het dat ons hul emosies valideer asof hul keuses geregverdig is. Galasiërs 6:1 sê: *"Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp"*. Reghelp, nie meeleeft nie. Dit beteken om buite hul emosionele chaos te staan en 'n hand van hulp uit te reik, eerder as om saam met hulle in die modder te gaan lê. Hoe pas ons hierdie beginsel toe in 'n wêreld wat empatie as ortopraksie ("regte" optrede) vereis? Eerstens moet ons ons harte en gedagtes toets aan die Skrif. Nie elke traan verdien ons tranes nie; nie elke klag is geregverdig nie. Dit vereis moed om te sê: "Ek sien jou pyn, maar ek kan nie jou keuses goedkeur nie." Tweedens moet ons fokus op liefde wat aktief na verlossing streef, eerder as passiewe onvoorwaardelike aanvaarding.

Dit kan beteken om iemand in liefde te konfronteer, eerder as om hul selfregverdiging te versterk. Derdens moet ons waak teen die kulturele druk om empatie as die hoogste deug te sien. Ons moet leer om pogings tot empatiese manipulerings te herken en te weerstaan. Die wêreld mag ons as "liefdeloos" of "veroordelend" uitskel, maar ons lojaliteit is aan God, nie aan menslike goedkeuring nie. Onderskeiding volgens die Skrif, nie empatie nie, is die Christen se kompas. Die empatie-retoriek wil God se waarheid verdring, sonde normaliseer, en ons wegtrek van ons roeping om heilig te leef. Empatie vereis geredelik die oorgawe van ons verstand en gewete aan die emosies van 'n gevalle wêreld. In 'n tyd waar die kerk onder druk is om te konformeer met 'n empatie-gedrewe kultuur, moet ons bly staan by die Bybel se oproep tot deernis, waarheid en liefde wat lewens rig volgens God se voorskrifte.

– Oudl. J de Ridder

BERIGTE

PREDIKANTEBERAAD

Die beraad het plaasgevind op 6 tot 7 Maart 2025. Ons opregte dank aan ds. Frans Oosthuizen en gemeente wat ons vriendelik ontvang en versorg het. Ons het hard gewerk en is goed op koers om 'n toepaslike weergawe van die 2010 NHKA Kerkorde beskikbaar te stel, wat deur elke gemeente aanvaar kan word as self-toepaslik. Dankie aan almal wat bygedra het en sterkte aan diegene getaak met afhandeling van opdragte!

– Dr J Otto

Schweizer-Reneke 100

Schweizer-Reneke 1925-2025.

Gemeente Schweizer-Reneke het die voorreg om vanjaar hul eeufees te kan herdenk. Die gemeente is op 15 Mei 1925 gestig. Die Gereformeerde kerk in die dorp het goedgegunstiglik hul kerkgebou beskikbaar gestel vir die geleentheid. Die stigting van die gemeente het so verloop: Op Vrydagmiddag 15 Mei 1925, om drie-uur, kom gemeentede van Afdeling Schweizer-Reneke in die Gereformeerde kerkgebou te Schweizer-Reneke byeen. Ds. PJJ Venter verwelkom gemeentede asook die kommissie van die Westelike Streek. Teenwoordig was: di. GE Alers (Lichtenburg), DF Erasmus (Voorsitter – Westelike streek) asook ouderlinge AJG Oosthuisen (Losberg), KN de Kock (Ventersdorp) en H Fouché.

Ds. Alers open die vergadering met gebed. Ds. Erasmus verwys na die ringskommissie se opdrag dat Afdeling Schweizer-Reneke 'n selfstandige gemeente word, waarna hy bevestig dat die kerkrade van omliggende gemeentes teenwoordig is. Hierna vra ds. Venter of die kerkrade van die omliggende gemeentes instem tot die afstigting en almal verleen toestemming.

Dit word bevestig dat gemeente Schweizer-Reneke voorlopig in kombinasie met Delareyville sal wees en nie bloot 'n konsulentsgemeente nie. Die leraar van Delareyville gemeente sal beide gemeentes bedien. Die konsulent van Schweizer-Reneke gemeente word verkies en benoem, naamlik ds. SJ Strydom van Makwassie.

Ds. DF Erasmus, voorsitter van die ringskommissie, verklaar Afdeling Schweizer-Reneke tot afsonderlike en selfstandige gemeente van die

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Hy sluit voorts die vergadering af met samesang en 'n gebed.

Op Saterdag 16 Mei 1925 vind die nuutgestigte gemeente se eerste gemeentevergadering plaas. Ds. PJJ Venter verwelkom die gemeente en wens hulle geluk met hulle verhoogde status as selfstandige gemeente. En van daar het die werksaamhede in die gemeente voort gegaan – soms onder baie moeilike en uitdagende omstandighede, maar steeds met God se groot genade.

Gemeente Schweizer-Reneke is voorwaar geseënd om vanjaar hul eeufees te kan vier. Dit is met opregte nederigheid en dankbaarheid dat ons deel kan wees van die wonderlike geleentheid in ons gemeente se geskiedenis.

Die gemeente beplan 'n feesnaweek gedurende 15 tot 18 Mei 2025. Hiermee rig ons 'n uitnodiging aan alle lidmate wat bande het met die gemeente Schweizer-Reneke asook belangstellendes om die geleentheid te kom bywoon. Aan God die eer.

Feesprogram

15 Mei (Donderdag om 18:00) – Stigtingsdag van Gemeente

- Oordenking.
- Geskiedenis-vertelling.
- Blyke van waardering aan ou(d)lidmate
- Inwyding van Gemeente-argief
- Bekendstelling van Eeufeesbundel.
- Skaapbraai, pap, brood en slaai.

16 Mei (Vrydag om 18:00)

- Skriflesing en gebed
- Onthulling van Gedenkstone
- Gemeente-/gemeenskapskonsert
- Sop en Brood

17 Mei (Saterdag om 18:30)

Gedenkdien & Belydenis van Geloof
(ds. Hardie Kotzé)

Groeteboodskappe

Oorhandiging van geskenke aan ere-
gaste

Vingerete

18 Mei (Sondag om 10:00)

Nagmaal (diens deur ds. Rudi
Schoeman)

Danksegging (diens deur ds. Piet
Rautenbach)

Gemeente-ete

KENNISGEWINGS

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

Kalenders

Kwitansieboeke

Offergaweboeke

Dames Kwitansieboeke

Konsistorieboeke

Reklame-plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com

Volkshulp2000

(NPO 004-086)

Volkshulp2000 is 'n geregistreerde, nie-winsgewende welsynsorganisasie wat al vir meer as 30 jaar na hulpbehoewende volksgenote omsien. Volkshulp2000 ontvang geen hulp van die staat of buitengewoon groot ondernemings nie. Ons is ten volle afhanklik van donasies en ander skenkings (soos produkte, klere en meubels) deur volksgenote. Hulpbehoewende volksgenote se getalle neem toe. Gesinne, kinders en bejaardes is slagoffers van omstandighede buite hulle beheer. Ons doen 'n beroep op volksgenote om ons te help om hierdie toenemende nood te bestry.

Belastingcertifikate is op aanvraag beskikbaar.



Straatadres: Steadlaan 246,
Queenswood, Pretoria

Tel: 012 755 8201/2

Posadres: Posbus 11824,
Queenswood, 0121

Vonkpos: bestuur@volkshulp.org.za

Bankbesonderhede:

Tjekrekeningnommer ABSA 10176514,
Takkode: 623 005

Volkshulp 2000
MET SAAMWERK SAL ONS STREEF OM TER EER VAN GOD TE LEEF